WATTER VOORDELE HOU LIDMAATSKAP IN?

- Geen vermoede van nalatigheid (Artikel 34) sal geld in die geval van 'n siviele eis vir skade waar 'n brand vanaf die lid se grond versprei en skade of verliese aan die eiendom of grond van 'n ander persoon aangerig het nie.
- Verbeterde samewerking en kommunikasie in die voorkoming en bestryding van veldbrande deur die BBV, binne die raamwerk van 'n ooreengekome veldbrandbestuurstrategie.
- Moontlike kwytskelding van sekere voorsorgmaatreëls, soos die voorbereiding van brandstroke.
- Die BBV kan regulasies skep om by persoonlike omstandighede aan te pas.

Riglyne rondom veldbrandrisikobestuur is beskikbaar by die Departement van Waterwese en Bosbou.

GOEIE NUUS VIR POLISHOUERS VAN OLD MUTUAL INSURE

Old Mutual Insure se AgriPlus produk is pasgemaak vir landbou en bied dekking teen veldbrande vir konvensionele plase in normale toestande.

Spesiale dekking is ook beskikbaar vir suikerriet, plantasies, bos en woude.

Voorkom brandskade en kom gesels met Old Mutual Insure. Ons deskundiges is vertroud met die Brand wet en is opgelei om raad te gee oor die bestuur van brandrisiko.

KONTAK ONS

OLD MUTUAL INSURE

Tel 012 999 9589
012 999 9546

Fax 012 999 9596

OLDMUTUAL

Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure, 'n Gemagtigde Finansiële Diensteverskaffer (FDV 12)

ombds 04.2017 19712

BRAND WET BROSJURE

INSURE
AGRI

DO GREAT THINGS EVERY DAY

INLEIDING

Onbeheerde of "weghol brande" rig jaarliks miljoene rande se skade aan in die landelike omgewings van Suid-Afrika. Hierdie brande kon moontlik verhoed word, indien die grondeienaars of okkupeerders voldoende voorsorg getref het om dit te voorkom of te beheer.

Brande verteer bates…. en dan het die grondeienaar nog boonop met die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande van1998 ("Brand wet") te doen.

Oortreding van die Brand wet kan jou 'n swaar boete of selfs tronkstraf op die hals haal.

WAT SÊ DIE BRAND WET VAN 1998

As 'n brand op jou grond kan ontstaan of daaroor versprei, moet jy

- Op jou grêns 'n brandstrook maak (elke eienaar moet dit doen, met ander woorde brandstroke aan weerskante van 'n grensheining)
- Opgeleide werkers, beskermende klere en brandbestrydings-toerusting beskikbaar hê.

In die geval van 'n brand, moet jy

- Dadelik jou bure en ander belanghebbendes in kennis stel
- Alles in jou vermoë doen om die brand te blus en te keer dat die brand versprei.

Indien 'n boer versuim om enige van hierdie bepalings na te kom, kan hy 'n boete of tronkstraf (of albei) opgelê word.

WIE SE SKULD IS DIE BRAND?

Artikel 34 van die Wet bepaal dat daar vermoed word dat 'n boer nalatig was as 'n brand op sy grond begin, of selfs as 'n brand wat elders begin het, oor sy grond versprei. Die boer word aanspreeklik gehou vir skade op die grond waarheen 'n brand vanaf sy plaas versprei het, al het die brand nie by hom begin nie. Hierdie vermoede GELD NIE indien die boer 'n lid is van 'n Brandbestrydingsvereniging (BBV) in die gebied waar die brand voorgekom het nie.

HOOFSTUK 2 VAN DIE BRAND WET VAN 1998

Hoofstuk 2 reguleer die instelling, registrasie, pligte en werking van Brandbestrydingsverenigings. Hierdie verenigings moet alle aspekte van die voorkoming van veldbrande en brandbestryding hanteer. Die aanstellings en pligte van 'n brandbeskermingsbeampte word ook in hierdie hoofstuk gereguleer. Dit het op 1 Augustus 2003 in werking getree. Met die uitsondering van munisipaliteite en die staat, is lidmaatskap van die vereniging

vrywillig en hulle moet toesien dat hierdie verenigings in hul gebiede volgens die Wet gestig en onderhou word.

Artikel 3(1) bepaal dat sulke verenigings gevorm sal word deur grondeienaars met die doel om veldbrande te voorspel, te voorkom, te bestuur en te blus. So 'n vereniging moet ingevolge Artikel 4 om registrasie aansoek doen.

'n Brandbestrydingsvereniging se pligte word vervat in Artikel 5, en sluit in:

- Die ontwikkeling en toepassing van 'n veldbrandbestuurstrategie
- Koördinering van strategieë en aksies met aangrensende Brandbestrydingsverenigings
- Die maak van reëls vir lede
- Die organisering en opleiding van lede vir brandbestryding
- Bestuur en voorkoming van brande.

IN WATTER AREAS SAL DAAR BBV'S ONTSTAAN OF GESTIG WORD?

In areas waar daar:

- Gereelde veldbrande voorkom
- 'n Relatiewe gemeenskaplike risiko vir veldbrande is
- 'n Relatiewe, eenvormige klimaat is en
- 'n Relatiewe eenvormige tipe van bosbou of weiveld bestaan.

HOE WORD JY LID VAN 'N BBV?

Bestudeer gerus die Brand wet wat die nodige stappe uitspel. Maak ook kontak met jou plaaslike boerevereniging of skakel die Departement van Waterwese en Bosbou in Pretoria vir meer inligting.

Hierdie brosjure is slegs vir promosiedoeleindes. Die volledige bepalings, voorwaardes en uitsluitings ten opsigte van dekking is vervat in die polisbewoording.